**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 MAART 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(Ex-officio) (sluit om 09:04 aan)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC *(sluit om 09:04 aan)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(waarnemende Munisipale Bestuurder)* |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. JJ Mfutwana | : | Hoof: Strategiese Dienste |
| Me. A Joubert | : | Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN031/03/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite die vergadering open met gebed.

***

**BKN032/03/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – vakansieverlof
Interne Ouditeur – vakansieverlof

***

**BKN033/03/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

***(Die Voorsitter reël dat item BKN039 hanteer word voor item BKN034)***

***

**BKN039/03/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PROGRESS REPORT ON THE COMPILATION OF THE ENVIRONMENTAL MANAGEMENT FRAMEWORK (EMF) FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY (15/1/5/21) (PRESENTATION BY HYDROSCIENCE)**
**3/3/1/5**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte stel die afvaardiging, Me. Paulette Jacobs van HydroScience, aan die Komitee bekend, waarna Me. Jacobs die voorlegging “Bergrivier Municipality Environmental Management Framework” aan die Komitee voorhou.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur versoek dat almal aktief deelneem aan die proses, ten einde die nodige inligting aan die konsultant te kan deurgee.

Raadslid Moolman bedank die afvaardiging vir die waardevolle inligting asook die betrokke amptenare vir die voorbereiding. Hy versoek dat almal saam werk, ten einde ’n waardevolle dokument saam te stel.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur, die Omgewingsbeplanning Bestuursbeampte en die afvaardiging verlaat die vergadering om 09:26)***

**BKN034/03/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 25 FEBRUARIE 2025**
**3/3/2/2**

***(Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 25 Februarie 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN035/03/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 25 FEBRUARIE 2025**
**3/3/2/2**

***(Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van Implementeringsverslag van die vorige vergadering soos gehou op Dinsdag 25 Februarie 2025.

***

**BKN036/03/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

Op navraag van die Voorsitter of die afskrywings afgehandel is (BKN046/02/2025), meld die Direkteur Finansiële Dienste dat al die afskrywings ouer as 390 (drie honderd en negentig) dae, behalwe een, afgehandel is. Dat die Rekenmeester: Kredietbeheer in die proses is om met die rekeninghouer in verbinding te tree.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN037/03/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN038/03/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings:

- Dat die oorskot van 'n lyk in die berg ontdek is en die polisie is tans besig met hul ondersoek;
- Dat verskeie klagtes ontvang is oor Noordhoek, Velddrif wat vuil is en nie mooi lyk nie en versoek dat aandag gegee word daaraan;
- Dat drie (3) hokke opgerig is in die land naby Smitpark wat van die pad af sigbaar is en versoek dat dringende aandag gegee word daaraan; en
- Dat Me. Mabel Fortuin (Finansiële Dienste) se ma oorlede is en Mnr. Harry Benson (Gemeenskapsdienste) se pa oorlede is en word hul sterkte toegewens in die moeilike tyd.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

Mededelings deur die Speaker:

Geen

Mededelings deur die waarnemende Munisipale Bestuurder:

Geen

***

**BKN040/03/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN041/03/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN042/03/2025**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: DRAFT ANNUAL BUDGET OF BERGRIVIER MUNICIPALITY: 2025/26 TO 2027/28 MEDIUM TERM REVENUE AND EXPENDITURE FRAMEWORK**
**5/1/2**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer Daniels meld dat die aanbevelings van die Begrotingsloodskomitee aan Finansies gestuur is vir verwerking. Voorts meld Raadsheer Daniels dat dit in ag geneem moet word dat die Nasionale Begroting nog nie goedgekeur is nie en kan dit moontlike veranderinge teweegbring.

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat die konsep DORA ontvang is. Dat die "equitable share" verminder is en sal hy ondersoek instel hoekom Bergrivier se deel verminder het en die omliggende munisipaliteite vermeeder het.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Voorts meld die Direkteur Finansiële Dienste dat 'n begrotingsloodsvergadering gereël sal word om insette van die publiek asook addisionele befondsing van Provinsie te oorweeg.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit oor of daar begroot is vir instandhouding van munisipale geboue, byvoorbeeld Franskamp, die ambulansstasie, die RSEP gebou in Porterville en die ou slagpale in Piketberg. Voorts meld hy dat niks begroot is vir die nuwe kantore nie.

Raadsheer Du Plooy meld dat die INCA verslag in ag geneem moet word en dat daar ernstig gekyk moet word na onderhoud en instandhouding.

Die Speaker spreek sy kommer uit oor die dreinering op Pella Park asook die toestand van die Porterville tennisklub se gebou, wat 'n munisipale gebou is.

Die Direkteur Finansiële Dienste hou voor aan die Komitee die persentasie spandeer op onderhoud van munisipale geboue wat tans op 58% (agt en vyftig persent) staan en wat ongeveer 10% (tien persent) per jaar styg. Voorts meld hy dat daar wel fondse is maar dat dit beter prioritiseer moet word.

Die Voorsitter versoek die Direkteur Finansiële Dienste om 'n lys te voorsien van waar die fondse op onderhoud spandeer is.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Die Voorsitter bedank alle rolspelers vir die samestelling van die "Draft Annual Budget 2025/26 to 2027/28".

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of Section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

a) The draft annual budget of the municipality for the financial year 2025/26 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;

ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;

iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5;

b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:

i) Budgeted Financial Position – Table A6;

ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;

iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;

iv) Asset management – Table A9; and

v) Basic service delivery measurement – Table A10;

2) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2025:

   a) the tariffs for property rates;

   b) the tariffs for electricity;

   c) the tariffs for the supply of water;

   d) the tariffs for sanitation services;

   e) the tariffs for solid waste services;

3) The Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2025 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document;

4) That Council specifically take note of the fact that the proposed electricity charges and tariff structure is subject to NERSA approval that may change from that stated in the tariff listing;

5) To give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

   a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;

   b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2025/26 financial year limited to an amount of R 28,300 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act.

***

**BKN043/03/2025**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: SOPKOMBUIS VELDDRIF</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in, waarna hy kortliks agtergrond gee oor die item onder bespreking.

Die Voorsitter meld dat die sopkombuis in Velddirf, bestuur deur tannie Betty, afgebrand het. Dat hulle begin Maart 2025 kennis gekry het om teen einde Maart 2025 die perseel wat hulle tans gebruik, te verlaat. Tans bedien hulle tot 700 (sewe honderd) mense daagliks.

Voorts versoek die Voorsitter of daar gekyk kan word of en hoe die munisipaliteit die sopkombuis kan help met 'n alternatiewe perseel, byvoorbeeld 'n eenvoudige "container" om hul goed te stoor en kos te maak.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKA044/03/2025**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**

Geen

***

**BKN045/03/2025**
**OVERSIGHT REPORT OF THE MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC) ON THE 2023/24 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**12/2/3/68**

Die Voorsitter lei die item in.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste meld dat die vloei van items wat goedgekeur moet word, naamlik die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), begroting en SDBIP, nie in die korrekte volgorde hanteer word nie, waarna sy versoek dat die korrekte volgorde gevolg word tydens die Raadsvergadering om 14:00.

Voorts versoek die Bestuurder: Strategiese Dienste dat die Direkteure wat 'n persoonlike belang het by die item, hul persoonlike belange verklaar.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste, Direkteur Tegniese Dienste en Direkteur Finansiële Dienste verklaar hul kollektiewe belang by item **BKN044**.

Die MPAC Voorsitter, Raadsheer Du Plooy, hou die Oorsig Verslag aan die Komitee voor.

Op navraag van Raadsheer Wessels oor die verandering in persentasie van die Direkteur Gemeenskapsdienste se prestasiebonus, gee die Bestuurder: Strategiese Dienste kortliks terugvoering oor die verandering in die salarispakket en die "upper limits" skedules.

Raadsheer Wessels versoek dat aanbeveling 4(b) aflyn bespreek word, waarna die waarnemende Munisipale Bestuurder meld dat die Interne Ouditeur so gou as moontlik versoek sal word om 'n verslag te voorsien wat die syfers bevestig.

***WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER***

Die Bestuurder: Strategiese Dienste versoek dat die Oorsig Verslag solank goedgekeur word, waarna die Voorsitter meld dat die Oorsig Verslag in beginsel goedgekeur word onderworpe aan uitklaring rakende aanbeveling 4(b).

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Council adopts the Oversight Report and approves the 2023/24 Annual Report without reservations in terms of Section 129 (1)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);
2. That the Accounting Officer submit copies of the minutes of this Council Meeting to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province;
3. That the Accounting Officer makes the Oversight Report public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act within seven days;

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

4. That Council approves the payment of performance bonusses:
   (a) An 11 % performance bonus to the Municipal Manager, Adv. H. Linde (70 %) for the period 01 July 2023 – 30 June 2024;

(b) A 9 % performance bonus for the period 01 July 2023 – 30 November 2023 and 12 % performance bonus 2024 to the Director Community Services, Mr. Dean Josephus, (72 %) for the period 01 December 2023 - 30 June 2024;

(c) A 12 % performance bonus to the CFO, Mr. PW Erasmus (75 %) pro rata, for the period 01 February 2024 – 30 June 2024; and

5. A 12 % performance bonus to Mr. Denwin van Turha, Director Technical Services, (74 %) for the period 01 July 2023 – 30 June 2024.

***

**BKN046/03/2025**
**<u>DRAFT REVIEW OF THE FIFTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) (2022 – 2027) FOLLOWING THE 4TH REVIEW PROCESS (2025/26)</u>**
**15/1/5/5**

Die Voorsitter lei die item in, waarna die Bestuurder: Strategiese Dienste die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste bedank die Hoof: Strategiese Dienste vir sy werk met hierdie jaar se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP). Dat sy die GOP in bekwame hande oorlaat.

Die Voorsitter bedank die Hoof: Strategiese Dienste vir sy werk op die GOP.

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council takes note that, following the review process during September – November 2024, no amendments are proposed to the approved Fifth Generation IDP for the period 1 July 2025 to 30 June 2026;
2. That the IDP, following the review process in September 2024 for the 2025/26 financial year of the Fifth Generation IDP (2022 – 2027) be confirmed in terms of Section 25(1) and Section 34 of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) for the purposes of informing the public of no further changes to the amended IDP as approved in May 2024;
3. That confirmation be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality that no changes were made to the amended IDP (as approved in May 2024); and
4. That the fact that no changes are proposed to the amended IDP as approved in May 2024, be advertised for public comment and submitted to Council before the end of May 2025 for final consideration.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN047/03/2025**
**<u>DRAFT TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (TL SDBIP) 2025/26</u>**
**15/1/5/5**

***(Draft TLSDBIP word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in, waarna die Bestuurder: Strategiese Dienste die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan (TL-SDBIP) for the 2025/26 financial year be noted and recommended to the Executive Mayor for final approval as per Section 53(1)(c)(ii); and
2. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan be advertised together with the Draft IDP Review and Draft Budget for the 2025/26 Financial Year as to request public input.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN048/03/2025**
**<u>AMENDMENT OF THE 2024/25 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54(1)(C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)</u>**
**15/1/5/5**

***(Voorgestelde wysingings aan die SDBIP word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in, waarna die Bestuurder: Strategiese Dienste die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

Die Voorsitter bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste asook die Hoof: Strategiese Dienste vir insette gelewer asook die bywerking van insette deur die gemeenskap.

**<u>RECOMMENDATION: FOR CONSIDERATION BY THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND APPROVAL BY COUNCIL</u>**

That the amended 2024/25 SDBIP be approved in terms of Section 54(1)(c) of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

***(Die Hoof: Strategiese Dienste verlaat die vergadering om 10:53)***

**BKN049/03/2025**
**<u>ADJUSTMENT OF MIG DPIP FOR 2025-2026 AS WELL AS APPROVAL OF PROJECT BUDGETS 2026-2027</u>**
**5/9/3**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer De Vries die verslag kortliks aan die Komitee voorhou. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

Op navraag van Raadsheer Wessels hoekom die Direkteur Tegniese Dienste se breedvoerige verduideliking vir die aanpassings nie in die verslag vervat is nie, versoek die Voorsitter dat 'n volledige verslag voorsien word wat die redes verskaf vir die vermindering/vermeerdering en dat dit deel vorm van die verslag van die Bestuurder: PMU en Boubeheer.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council Resolution BKN043/04/2024 dated 2 May 2024 be revised to adjust the MIG project budgets in accordance with the DORA BILL [B7-2025] and that the MIG DPIP be adjusted accordingly; and
2. That co-funding to the amount of R 2 628 004.01 be included in the Capital Budget for 2026-2027. The table below is based on estimated project budget inclusive of 15% VAT.

| MIG PROJECTS | MIG Funded | | OWN Contribution | |
|---|---|---|---|---|
| | 2025-26 | 2026-27 | 2025-26 | 2026-27 |
| VD Water Pipe Replacement Noordhoek (Multi-year) | R11 621 217.64 | - | - | - |
| RED Replacement of Bulk Water Pipeline (Multi-Year) | R4 445 182.36 | R6 066 833.68 | - | R2 628 004.01 |
| PV Water Pipe Replacement (Multi-Year) | - | R11 045 516.32 | - | - |
| PMU | R845 600.00 | R900 650.00 | - | - |
| **MIG GRANT AS PER DORA BILL [B4=2024]** | **R16 912 000** | **R 18 013 000** | | |

*DIRECTOR TECHNICAL SERVICES*

1.

***

**BKN050/03/2025**
**ELECTRICITY SUPPLY BY-LAW 2025**
**16/2/B**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer De Vries die verslag kortliks aan die Komitee voorhou. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council approves the Electricity Supply By-Law 2025 for public participation.

*DIRECTOR TECHNICAL SERVICES*

***

**BKN051/03/2025**
**APPROVAL OF FINES SET IN TERMS OF THE PUBLIC NUISANCE BY-LAW**
**13/4/2/4**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer Wessels die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. The list of fines set in term of the Public Nuisance By-law attached hereto as Annexure A be approved; and
2. The attached list of fines be submitted for final approval by the magistrate (s) at the magistrate's court.

*DIRECTOR COMMUNITY SERVICES*

***

**BKN052/03/2025**
**BOETEVRYE TYDPERK IN BERGRIVIER MUNISIPALE AREA**
**2/2/4**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer Wessels die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die versoek vir boetevrye tydperk, 17 Maart 2025 tot 30 Junie 2025, vir alle biblioteke in Bergrivier Munisipaliteit sal ondersteun en goedkeur.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN053/03/2025**
**FEEDBACK ON MAINTENANCE OF COMMUNITY FACILITIES**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in, waarna Raadsheer Wessels die verslag kortliks aan die Komitee voorhou.

Breedvoerige insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die besproeiing by Tollie Adams Oval, die moontlike oorspeel van velde as gevolg van verskeie wedstryde wat elke naweek plaasvind, opleiding van die onderhoudspan om velde behoorlik voor te berei vir die seisoen en die beveiliging van die fasiliteite.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the content of the report.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***(Die Speaker en Raadslid Moolman verlaat die vergadering om 11:32)***

**BKN054/03/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: MONDAY 25 NOVEMBER 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Minutes of the Risk Management Committee meeting held on Monday 25 November 2024.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN055/03/2025**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 29 NOVEMBER 2024**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Minutes of the Performance, Risk and Audit Committee meeting held on Friday 29 November 2024.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN056/03/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN057/03/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN058/03/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN059/03/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:35***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***